higher education
& training
Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N460**(A)**(J4)H

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5

(Eerste Vraestel)

(4090315)

**4 Junie 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–09:30**

**TOEBOEKEKSAMEN**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye en 'n antwoordblad van 2 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**
NASIONALE SERTIFIKAAT
ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5
(Eerste Vraestel)
TYD: 30 MINUTE
PUNTE: 50

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf jou EKSAMENNOMMER op die ANTWOORDBLAD neer.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.5) op die ANTWOORDBLAD neer.

1.1 Leierskap gaan daaroor om die regte ding te doen, terwyl bestuur daaroor gaan om dinge reg te doen.

1.2 Om te begroot is deel van die beplanningsproses.

1.3 Die beginpunt in 'n besluitnemingsproses is die bymekaarmaak van die nodige data.

1.4 Party faksmasjiene kan ook as laevolume-drukkers gebruik word.

1.5 'n Fisiese ondersoek is wanneer 'n werknemer vir 'n mediese toets moet gaan.

(5 × 2) **[10]**

### VRAAG 2

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.5) op die ANTWOORDBLAD neer.

2.1 Die toewysing van take en verantwoordelikhede aan werknemers:

A Werkgewer
B Bestuurder
C Organisering
D Gesag

2.2 Koste wat dieselfde is per produksie-eenheid, maar wat in totaal toeneem wanneer die produksievolume toeneem:

A Vaste koste ('Fixed costs')
B Standaardkoste
C Verhoogde koste
D Veranderlike koste ('Variable costs')

2.3 Om seker te maak dat planne uitgevoer en die verlangde resultate verkry word, is die volgende in alle organisasies noodsaaklik:

A Leiding ('Directing')
B Beheer
C Personeelvoorsiening ('Staffing')
D Organisering

2.4 Die hoofverantwoordelikheid vir die produktiwiteit van 'n onderneming berus by die …

A werkers.
B gehalte van die grondstowwe ('raw materials').
C vakbond.
D bestuur en toerusting.

2.5 By 'n winsdrempel ('breakeven point') …

A is koste dieselfde.
B is totale koste gelyk aan vaste koste.
C is totale koste gelyk aan totale uitgawes.
D maak die onderneming 'n wins.

(5 × 2) **[10]**

**VRAAG 3**

Gee EEN of TWEE woorde vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (3.1–3.5) op die ANTWOORDBLAD neer.

3.1 Die gekombineerde poging van individue is veel beter as die som van die individue.

3.2 Die voordeel van die afname in koste per eenheid wanneer groter volumes geproduseer word.

3.3 Alle lede van 'n organisasie word geraadpleeg voor 'n besluit geneem word.

3.4 Die Wet dek werkers ten opsigte van werk wat binne aanvaarbare veiligheidstandaarde moet geskied, en beskerm ook werkers wat in 'n gevaarlike omgewing werk.

3.5 Verkope is gelyk aan veranderlike koste + vaste koste.

(5 × 2) **[10]**

**VRAAG 4**

4.1 Gee 'n definisie vir elk van die volgende terme:

4.1.1 Induksie ('Induction')

4.1.2 Produktiwiteit

4.1.3 Prestasiebeoordeling ('Performance appraisal')

4.1.4 Magsposisie ('Position power')

4.1.5 Begroting

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou 

4.2 Noem DRIE soorte begrotings wat 'n onderneming moet opstel wanneer daar vir die volgende jaar beplan word. (3 × 2) (6)

4.3 Gee die kenmerke van 'n vaste ekonomiese bestelling ('fixed economic order') en 'n vastetyd-inventaris ('time-fixed inventory'). (2 × 2) (4)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorbehou

**ANTWOORDBLAD** **EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**AFDELING A**

**VRAAG 1**

1.1 ______________________

1.2 ______________________

1.3 ______________________

1.4 ______________________

1.5 ______________________

(5 × 2) **[10]**

**VRAAG 2**

2.1 ______________________

2.2 ______________________

2.3 ______________________

2.4 ______________________

2.5 ______________________

(5 × 2) **[10]**

Kopiereg voorbehou

**ANTWOORDBLAD** **EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 3**

3.1 ______________________

3.2 ______________________

3.3 ______________________

3.4 ______________________

3.5 ______________________

(5 × 2) **[10]**

**VRAAG 4**

4.1.1 ______________________

4.1.2 ______________________

4.1.3 ______________________

4.1.4 ______________________

4.1.5 ______________________

(5 × 2) (10)

4.2 ______________________

(3 × 2) (6)

4.3 ______________________

(2 × 2) (4)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorbehou